



Kraggakamma
Gemeente
Die is God se freetuin van liefde

Kuberkamma

24 November 2019

Jesaja 59 vers 1 en 2

"Die arms van die Here is nie te kort om te help nie en Sy oor nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrieff eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

09h00 Klassieke Kerssangdiens
Die deurdankoffer gaan vir **Kleinskool Inisiatief**

Program vir die Week en die vakansie

29 November	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
1 Desember	09h00	Erediens

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Bid vir almal wat betrokke is by die Kleinskool Inisiatief.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge:

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Koeweit:

Bid saam met kerke in Koeweit dat hulle toegang sal verkry tot eiendom en geboue. Dit is moeilik verkrygbaar.

[Foto](#)

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

24 November	Gustel Agenbag, Luzaan Coetzer en Werner Els
25 November	Marius Keyser en Joukje le Roux
26 November	Ernie Deyzel, Lorraine Gouws, Clarise Moolman en Tanielle Moolman
27 November	Theunis Coetzee, Amari Gouws, Claudette Nel en Zane van Niekerk
28 November	Ellis Hedderwick en Neel Rossouw
29 November	Annemarie Botha, Izak de Lange, Ryno Dreyer, Reuben Jordaan, Naudé Meiring, Martin Pretorius en Cindy Ross
30 November	Chris Pretorius, Pierre Rootman, Reegan van der Merwe en Suzanne van Niekerk



Padkos

Wie is ek? Waar kry ek my identiteit?

Dit is die nuwe in-ding dat mens nou self jou identiteit moet kies, veral jou geslagtelike identiteit. Kinders moet blykbaar van kleins af die geleentheid gebied word om self hieroor te besluit. Gedoriebaar, soos wat my oupa sou sê! Ons as ouers laat ons kinders nie eens toe agter die stuur van 'n motor totdat ons hulle behoorlik geleer het om te bestuur nie. Ook handhaaf ons as volwassenes streng ouderdomsbeperkings op die films en TV-stories waarna kinders mag kyk. Dieselfde geld vir die verkoop van alkohol aan minderjariges. Maar in dieselfde asem meen sommige grootmense kinders moet nou die reg hê om van vroeg af hul eie identiteit te kies. En om dit aan te pas soos dit hulleself pas.

Hoe dink ons as gelowiges oor identiteit? Wel, as navolgers van Jesus word ons identiteit uitsluitlik deur Hom bepaal. Elkeen wat in Christus glo is 'n nuwe mens, 'n nuwe skepping (2 Korintiërs 5:17). Ons is gekruisigdes (Galasiërs 2:19-20). Ons bely saam met Paulus dat Christus ons lewe is (Filippense 1:21). Alle ander identiteitsmerkers in ons lewe word gerelativeer deur Christus. In Galasiërs 3:27 verduidelik Paulus dit baie duidelik as hy sê dat in Christus is ons nie meer man of vrou, slaaf of vry, Jood of Griek nie. Nee, ons hou nie op om 'n man of vrou te wees nie. Of 'n Jood of Griek, of aan watter volksgroep ons ook al behoort nie. Maar dit is nie meer ons beslissende identiteit nie. Ons is nie iets soos Christen-Jode, of Christen-slawe, of Christen-mans, of Christen-rykes nie - al praat party gelowiges steeds so. Ons is slegs Christene, wat ook al ons beroep, status of geslag. Ons almal is voltydse navolgers van Jesus. Ons almal is ewe belangrik vir die Here. Ons almal se lewe word gedefinieer deur die feit dat Jesus ons geroep het met die woorde: "Volg My!" Ons is voltyds en lewenslank Syne. Die Here sê so. Daarom geld 1 Johannes 3:1 se woorde oor ons almal: "Kyk net watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God. En ons is dit ook!"

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Kubergroete tot volgende keer



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com